



HUISWERKBELEID GRAAD 6

'n Maksimum van 45 minute moet aan geskrewe huiswerk gespandeer word en 'n verdere 30 minute aan studeer. Ten tye van toetse en eksamen sal dit langer wees.

1. Die leerder wie se werk nie in die klas voltooi is nie, wat uit was vir musiek, afwesig of laat was moet die werk tuis voltooi. **(Dit is addisioneel tot die voorgeskrewe huiswerktyd.)**
2. Ten minste 7 dae kennis sal gegee word vir 'n mondeling of 'n oral.
3. Rubrieke met inligting oor die verskillende assesseringstake sal aan leerders gegee word sodra die spesifieke taak bekend gestel is.
4. Navorsingsmateriaal moet by die biblioteek of tuis bymekaar gemaak word. GEEN geskrewe take met betrekking tot die navorsing mag by die huis gedoen word nie.
5. Leerders sal oor datums van assesserings op die graadbeplanner ingelig word.
6. Leerders moet hulself vir die volgende skooldag voorberei. Hulle moet die vorige aand sorg dat hul boeke ingepak is en hul kunshep, LO klere, sporttoerusting en skryfbehoeftes reg is vir die volgende dag.
7. Huiswerkboeke moet elke dag deur 'n ouer of voog geteken word. Indien die leerder by nasorg is moet die huiswerkboek steeds deur die ouer of voog geteken word. 'n Kort nota moet asseblief bygeskryf word indien die huiswerk nie voltooi is nie of as boeke by die skool vergeet is.
8. Korrespondensie tussen die opvoeder en ouer kan in die huiswerkboek of deur middel van epos gedoen word. Indien dit konfidensieel is, kan dit ook per epos of per brief in 'n toegeplakte koevert wat vir die onderwyser se aandag gemerk is, gedoen word. Skryf ook asseblief in die huiswerkboek dat daar 'n brief skool toe gestuur is.

DIT IS NOODSAAKLIK DAT GRAAD 6 LEERDERS AANGEMOEDIG WORD OM ONAFHANKLIKHEID EN VERANTWOORDELIKHEID VIR HUL EIE WERK TE ONTWIKKEL. OUERTOESIG IS STEEDS BAIE BELANGRIK.